Education and Sport Development

Department of Education and Sport Development
Departement van Onderwys en Sport Ontwikkeling
Lefapha la Thuto le Tlhabololo ya Metshameko
NORTH WEST PROVINCE

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V1

## JUNIE 2018

**PUNTE: 80**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 14 bladsye.**

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | Leesbegrip | (30) |
| AFDELING B: | Opsomming | (10) |
| AFDELING C: | Taalstrukture en -konvensies | (40) |

2. Beantwoord AL die vrae.

3. Begin ELKE afdeling op ŉ NUWE bladsy.

4. Trek ŉ streep ná elke afdeling.

5. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

6. Laat 'n reël oop na elke antwoord.

7. Gee besondere aandag aan spelling en sinsbou.

8. Voorgestelde tydsindeling:

   AFDELING A: 50 minute
   AFDELING B: 30 minute
   AFDELING C: 40 minute

9. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A: LEESBEGRIP

### VRAAG 1

### TEKS A: ARTIKEL

Lees die artikel hieronder en beantwoord die vrae.

**Suid-Afrika se verskillende kulture:**

1 Suid-Afrika is ryk aan verskillende mense wat hul eie kulture, vaardighede, kuns en boerderymetodes het.

2 Die oorspronklike inheemse volke wat in Suid-Afrika gewoon het, was die Khoi-Khoi en San. Hierdie mense was die vroegste kunstenaars van Suid-Afrika, soos gesien kan word in die wonderlike rotskuns regoor die land. Die San, was buitengewone jagters en spoorsnyers, en hul opsporingsvaardighede is steeds van onskatbare waarde in die stryd teen stropers. Vandag word hul taal en hul nomadiese manier van lewe in die woestynstreke van ons land, bedreig.

3 Die Zoeloe-tradisionele kultuur is bekend vir hul kralewerk, mandjies en die byekorf grashutte op die KwaZulu-Natalse heuwels. Zoeloes se geloof is gebaseer op voorouergeeste, wat dikwels in drome voorkom, en 'n opperwese wat selde betrokke is by die sake van gewone mense.

4 Die Xhosa-kultuur is bekend vir die komplekse klere wat 'n persoon se sosiale status aandui. Hoe meer versierings daar op die hoed of klere is, hoe meer senior is die draer. Die Xhosas het 'n sterk mondelinge tradisie met baie stories van voorvaders.

5 Die Ndebele-vroue versier graag hul huise in helder, geometriese ontwerpe. Hierdie vaardigheid word van moeder na dogter oorgedra. Ndebele-vroue dra nekringe en tradisionele komberse met treffende kleure.

6 Die Sotho-volkere organiseer hul dorpe in ouderdomsgroepe, of groepe mans of vroue wat spesifieke verantwoordelikhede het, bv. mans is georganiseer volgens oorlogvoering en beeste.

7 Die Suid-Sotho-mense van Lesotho word uitgeken aan die helderkleurige komberse wat hulle dikwels in plaas van jasse dra.Tradisies van volkskuns sluit kralewerk, naaldwerk, pottebakkery, huisversiering en weef in. Funksionele items soos slaapmatte en mandjies word steeds met die hand van grasmateriale geweef.

8 Die Shangaan-mense hou van musiek maak met 'n verskeidenheid snaar-, wind- en perkussie-instrumente. Die mees ongewone aspek van hul dieet is egter hul liefde vir die mopani-wurms wat in die Mopani-woude van die Laeveld gevind word. Mopani-wurms word gedroog of in die pan gebraai in botter, wat 'n ryk bron van proteïene is.

9 Die Soutpansberge van die Limpopo-provinsie in Suid-Afrika is die tuiste van die Venda-mense, die kleinste van die Suid-Afrikaanse kulture. Dromme is sentraal in die kultuur en daar is legendes en simbole wat aan hierdie dromme gekoppel is. In landelike gebiede beteken beeste rykdom en die lewenstyl draai om landbou.

10 Die Hollanders was die invloedrykste van al die Europese mense wat na Suid-Afrika gekom het. Later het die Franse Hugenote, Britse en Duitse setlaars ook by hulle aangesluit. Die Nederlandse taal het geleidelik verander in die plaaslike vorm, Afrikaans. Die Franse Hugenote het die kuns van wynmakery in die Kaap gevestig. Vandag word Suid-Afrika as 'n topwynprodusent erken. Die Britse setlaars het die Victoriaanse kultuur saamgebring wat gesien kan word in die geboue in Kaapstad, Kimberley en Johannesburg. 'n Goeie voorbeeld is die Uniegebou in Pretoria. Die Britte was hoofsaaklik verantwoordelik vir die ontwikkeling van Suid-Afrika se mynbedryf.

11 Soos Suid-Afrika ontwikkel het, was meer arbeid benodig. Die Indiese arbeiders is in Natal in die suikerbedryf gebruik en vandag is KwaZulu-Natal nog steeds die tuiste van die grootste Indiese bevolking. Die slawe wat na die Kaap gebring is, is bekend as die "Kaapse Maleiers", en woon steeds in hul helderkleurige huise in die Bo-Kaapse distrik van Kaapstad.

12 Vandag het baie van die jonger geslag van alle kulture na die stad verhuis waar hulle 'n Westerse lewenstyl lei. Baie woon in die "Township" –gebiede. In hierdie townships het 'n unieke samesmelting van kultuur ontwikkel wat sy uitdrukking in musiek, kuns en kos het. Suid-Afrika het baie wêreldbekende kunstenaars uit elke kultuur en almal floreer in die vryheid van ons reënboognasie.

[Aangepas uit: http://www.mieliestronk.com/rookgevaar.html]

1.1 Haal EEN woord uit paragraaf 1 aan wat aandui dat Suid-Afrika ‘n land is met verskillende mense wat baie verskillende dinge kan doen. (1)

1.2 Watter volke was die oorspronklike inheemse volke van Suid-Afrika? Noem EEN. (1)

1.3 Waarom weet ons dat hierdie volke die vroegste kunstenaars van Suid-Afrika was? (1)

1.4 Watter vaardighede van hierdie volke word steeds gebruik om stropers op te spoor? Noem EEN. (1)

1.5 Waarom, dink jy, word hierdie volke se manier van lewe bedreig? (1)

1.6 Verwys na paragraaf 3.

1.6.1 Watter woord word gebruik om die Zoeloes se grashutte te beskryf? (1)

1.6.2 Waarom is dit effektief om hierdie woord te gebruik? (1)

1.7 Gee EEN rede hoekom die volgende stelling ONWAAR is.
Die Zoeloes se geloof is gebaseer op 'n god wat elke dag by hulle betrokke is. (1)

1.8 "Die Xhosa-kultuur is bekend vir die komplekse klere …" (Paragraaf 4)
Wat impliseer die woorde "komplekse klere"? (1)

1.9 Hoe weet ons dat Ndebeles van helder kleure hou?
Noem EEN rede. (1)

1.10 Dink jy dit is goed dat die Sotho-volkere volgens, ouderdom of mans of vrouens, in dorpe bly? Motiveer jou antwoord. (1)

1.11 Skryf 'n sin/sinsdeel neer waaruit ons kan aflei dat die Suid-Sotho-mense van Lesotho in 'n baie koue streek woon? (1)

1.12 Kies die antwoord wat die sin KORREK sal voltooi. Skryf net die vraagnommer (1.12) en die antwoord (A–D) neer, byvoorbeeld 1.12 E.

In paragraaf 7 verwys die woord "funksionele items" na ...

A dinge waarvoor jy lief is.
B dinge wat jy gereeld gebruik.
C dinge wat jy nooit gebruik nie.
D dinge waarvoor jy baie hard moet werk. (1)

1.13 Hoe verskil die Shangaan-mense se dieet van ander kulture? (1)

1.14 Wat is kenmerkend van die Venda-kultuur se getalle(grootte)? (1)

1.15 1.15.1 Watter musiekinstrument speel 'n belangrike rol in die Venda-kultuur? (1)

1.15.2 Wat word aan hierdie musiekinstrument gekoppel? Noem EEN. (1)

1.16 Kies die inligting in KOLOM B wat by die karakter in KOLOM A pas. Skryf net die vraagnommer (1.16.1–1.16.4) en die letter (A–E) neer.

Verskillende Europese kulture het 'n invloed op die ontwikkeling van Suid-Afrika gehad.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.16.1 Nederlanders | A Hierdie mense het die grootste invloed gehad van al die Europeërs wat na Suid-Afrika gekom het. |
| 1.16.2 Hollanders | B Het wynbou in Suid-Afrika gevestig. |
| 1.16.3 Franse Hugenote | C Was arbeiders wat in die suikerbedryf gewerk het. |
| 1.16.4 Britse setlaars | D Afrikaans het uit hierdie mense se taal ontstaan. |
| | E Het mynbou en Victoriaanse argitektuur na Suid-Afrika gebring. |

(4 x 1) (4)

1.17 "Vandag het baie van die jonger geslag van alle kulture na die stad verhuis waar hulle 'n Westerse lewenstyl lei."


1.17.1 Wat dink jy, bedoel die verteller met hierdie stelling? (1)

1.17.2 Dink jy dit is reg dat die mense in townships 'n " Westerse lewenstyl" lei? (1)

**[23]**

**TEKS B: SPOTPRENT**

Bestudeer die spotprent hieronder en beantwoord die vrae wat volg.




1.18 Waarom verwys die kelner na die vrou in die kar as "Tannie"? (1)

1.19 Voltooi die volgende sin: Die dogtertjie het baie groot … . (1)

1.20 Waaruit kan jy aflei dat die ongeluk pas gebeur het? (1)

1.21 Daar is ՚n kontras tussen **hoe die kelner lyk** en **wat die kelner sê.**

Kies die KORREKTE woorde uit die lys hieronder om die sin mee te voltooi. Skryf net die vraagnommer (1.21.1–1.21.2) en die antwoord neer.

| | | | |
|---|---|---|---|
| geskok; | hartseer; | kinderlike; | humoristiese; |

Die kelner lyk 1.21.1 ... terwyl hy 'n 1.21.2 ... aanmerking maak. (2)

1.22 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies. Skryf net die vraagnommer (1.22) en die antwoord neer.

Bejaardes word hier voorgestel as persone wat 'n gevaar op die pad is. Dit is 'n voorbeeld van (stereotipering/partydigheid). (1)

1.23 Dink jy dat bejaardes bo 75 jaar steeds toegelaat moet word om motors te bestuur? Motiveer jou antwoord. (1)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B: OPSOMMING

### VRAAG 2

### TEKS C: WAT OM TE DOEN TYDENS 'N BRAND.

- Som **wat om te doen tydens 'n brand** in SEWE sinne op
- Skryf die SEWE sinne PUNTSGEWYS neer.
- Nommer die sinne van 1 tot 7.
- Jou opsomming mag nie langer as 70 woorde wees nie.
- Dui die KORREKTE getal woorde aan die einde van die opsomming aan.

Wanneer jy agterkom dat daar 'n brand in die huis is, moet jy dadelik die huis verlaat. Moenie eers dink aan jou waardevolle artikels nie. Die vlamme kan jou in die huis vasgekeer. Jy kan later die brandweermanne vra om hierdie items vir jou te vind. Indien jou klere aan die brand raak moet jy net op die grond val en op jou rug rol om die vuur te blus. Gebrande klere klou aan jou lyf vas en brand teen jou vel. Naby die grond is minder hitte en dik rook. Warm lug styg op. Bly laag totdat jy uit die brandende huis ontsnap. Bedek jou neus met 'n hemp of 'n klam handdoek. Dit sal voorkom dat rook jou longe binnedring. As die rook eers in jou longe is gaan jy moeilik asemhaal. Sodra jy uit 'n kamer kruip, maak die deur agter jou toe. Dit verhoed dat die vuur vinnig versprei. Die vuur neem dan langer om na die res van die huis te versprei. Bel die brandweer. Jou selfoon is dalk reeds beskadig deur die hitte en vuur. Jou bure kan jou help om die brandweer te bel. Sodra jy buite die huis is, bly buite. Selfs al moes jy jou diere of eiendom agterlaat. Die brandweermanne, wat opgelei is, kan na die diere gaan soek. Jy kan vir hulle sê waar in die huis die diere moontlik kan wees.

[Aangepas uit: *www.wikihow.com/Keep-Safe-During-a-House-Fire*]

**TOTAAL AFDELING B: 10**

## AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES

### VRAAG 3

### TEKS D: ADVERTENSIE

Lees die advertensie hieronder en beantwoord die vrae.



3.1 Skryf die KORREKTE WOORD neer, wat eintlik gebruik moes word in plaas van "Spurfek" . (1)

3.2 Kies die antwoord wat die sin KORREK sal voltooi.
Skryf net die vraagnommer (3.2) en die antwoord (A-D) neer, bv.3.2 D.

Die slagspreuk " 'n lus vir lewe" is effektief want …

A dit impliseer waaroor die advertensie handel.
B alliterasie maak dit lekker om te sê.
C dit pas by die prente in die advertensie
D dit beklemtoon die belangrikheid van die restaurant in mense se lewens. (1)

3.3 Waarom is dit effektief dat die adverteerder die woord "jy" gebruik? (1)

3.4 Gee die OORTREFFENDE TRAP van die woord tussen hakies. Skryf net die vraagnommer (3.4) en die antwoord neer.

As jy dink jou ma se kos is die (lekker) … dink weer. (1)

3.5 Vorm 'n VERLEDE DEELWOORD van die woord tussen hakies.
Skryf net die vraagnommer (3.5) en die antwoord neer.

**Kom geniet (braai) hoender of ribbetjies …** (1)

3.6 Gee 'n SINONIEM vir die woord tussen hakies.
Skryf net die vraagnommer (3.6) en die antwoord neer. (1)

**Hmmmm … (heerlik)!**

3.7 Gee EEN WOORD vir die woorde tussen hakies.

**Hierdie spesiale aanbieding is (elke aand) beskikbaar** (1)

3.8 Sal hierdie advertensie jou beïnvloed om by Spur te eet?
Motiveer jou antwoord. (1)

3.9 Wie is die teikengroep van hierdie advertensie? (1)

3.10 Waarom pas die prent van die Indiaan by die beeld van hierdie restaurant?





(1)

**[10]**

## VRAAG 4

## TEKS E: STROKIESPRENT

Kyk na die strokies hieronder en beantwoord die vrae.




[Uit meester.yolasite.com]

4.1 Skryf die volgende sin oor as 'n BEVELSIN.

Neelsie moet na Meneer luister.
Begin só: Neelsie, … (1)

4.2 Hoe kan ons aan Meneer se **lyftaal** sien dat hy gefrustreerd is? (Raampie 1) (1)

4.3 Hoe kan ons aan Meneer se **gesigsuitdrukking** sien dat hy baie kwaad is? (Raampie 2) (1)

4.4 Hoekom is Meneer se woorde in hoofletters geskryf? (Raampie 2) (1)

4.5 ***IS JY DOOF?*** (Raampie 2)

4.5.1 Is die bogenoemde stelling konnotatief of denotatief gebruik? (1)

4.5.2 Gee ’n rede vir jou antwoord in VRAAG 4.5.1. (1)

4.6 Wat beteken die volgende idioom?
*Hy is horende doof.*

A Hy is heeltemal doof..
B Hy wil niks hoor nie.
C Hy kan nie verstaan wat hy hoor nie.
D Hy kan nie glo wat hy hoor nie. (1)

4.7 Gee die INTENSIEWE VORM van doof. (1)

4.8 Wat beteken Neelsie se woorde: ***Ja Meneer, ek is nou***? (Raampie 3) (1)

4.9 Waaruit kan jy aflei dat Neelsie nie baie gepla is omdat Meneer so kwaad is vir hom nie? (Raampie 3) (1)

**[10]**

## VRAAG 5: ARTIKEL EN PRENT

## TEKS F: ARTIKEL

Lees die teks hieronder en beantwoord die vrae.

Jabu Ndamase-Phillips, ’n gr.12-leerder by HTS Ligbron, se storie is ’n (5.1) (ware/waare) feëverhaal met haar as Aspoestertjie wat (5.2) (prins) word en Renette Rautenbach as die towertante.

Rentette is 'n ontwerper en het vir 'n kompetisie ingeskryf. (5.3) Sy het besluit dat sy hierdie rok aan ’n (gr.12 leerder) sou skenk.

Jabu se ma het vir die Phillips-gesin van Ermelo gewerk sedert Jabu 'n klein (5.4) (dogter) was. Na haar ma se skielike dood in (5.5) (2009) is sy deur die Phillips-gesin ingeneem waar sy dadelik ingepas het in haar (5.6) (rol) as ouer sus.

Ses weke voor die matriekafskeid het Jabu nog nie ’n rok gehad nie. Sy het nie 'n idee gehad oor wat sy wou hê nie.

(5.7) Bonita het vir Jabu gesê dat sy oor die saak moet bid.

(5.8) 'n Paar weke voor die matriekafskeid beland Bonita in die hospitaal. (5.9) Sy het Jabu se storie aan een van die ander pasients vertel. Renette se ma werk by die hospitaal en het Renette dadelik (5.10)(geskakel) en gesê: (5.11) "Ek het 'n meisie vir jou rok gekry."

(5.12) Renette het van pretoria gekom om self die rok aan Jabu te gee. (5.13) Al wat die storie van die feëverhaal onderskei, is dat (Jabu mag haar droomrok hou).

Jabu hoop ook dat sy in die toekoms die geleentheid sal hê om vir ander te doen wat Renette vir haar gedoen het.

[Aangepas uit: *Highverlder.co.za*]

5.1 Kies die KORREKTE WOORD uit dié tussen hakies. Skryf net die vraagnommer (5.1) en die antwoord neer.

… is 'n (ware/waare) feëverhaal (1)

5.2 Gee die korrekte VROULIKE VORM van die woord tussen hakies. Skryf net die vraagnommer (5.2) en die antwoord neer.

Aspoestertjie wat (prins) word (1)

5.3 Verbeter die SPELFOUT (skryfteken) in die volgende sin. Skryf net die vraagnommer (5.3) en die antwoord neer.

Sy het besluit dat sy hierdie rok aan ’n gr.12 leerder sou skenk. (1)

5.4 Gee die VERKLEINWOORD van die woord tussen hakies. Skryf net die vraagnommer (5.4) en die antwoord neer.

… sedert Jabu 'n klein (dogter) was. (1)

5.5 Skryf die JAARTAL in woorde. Skryf net die vraagnommer (5.5) en die antwoord neer.

Na haar ma se skielike dood in (2009) (1)

5.6 Gebruik die HOMONIEM van **rol** in 'n sin sodat die betekenis duidelik blyk. (1)

5.7 Herskryf die volgende sin deur die korrekte INFINITIEF te gebruik.

Begin só: Bonita het vir Jabu gesê om … (1)

5.8 Skryf die sin oor in die VERLEDE TYD:

'n Paar weke voor die matrieksfaskeid beland Bonita in die hospitaal. (1)

5.9 Verbeter die SPELFOUT in die volgende sin. Skryf net die vraagnommer (5.9) en die antwoord neer.

Sy het Jabu se storie aan een van die ander pasients vertel. (1)

5.10 Gee die korrekte SINONIEM vir die woord tussen hakies. Skryf net die vraagnommer (5.10) en die antwoord neer.

… het Renette dadelik (geskakel) (1)

5.11 Skryf die onderstaande sin oor in die INDIREKTE REDE.

Renette se ma sê: "Ek het 'n meisie vir jou rok gekry."

Begin só: Renette se ma sê dat … (2)

5.12 Verbeter die SPELFOUT in die onderstaande sin. Skryf slegs die vraagnommer (5.12) en die antwoord neer.


Renette het van pretoria gekom om self die rok aan Jabu te gee. (1)

5.13 RANGSKIK die woorde tussen hakies in die korrekte VOLGORDE. Skryf die gedeelte van die sin oor.

, is dat (Jabu mag haar droomrok hou.) (1)

5.14 Bestudeer die prent met aandag en beantwoord die vrae. Skryf net die vraagnommer (5.14.1 – 5.14.6) en die antwoord neer.

**TEKS G: PRENT**




[Uit: *Izakhono Zobomi, 3*]

(5.14.1) Santa moet die skottelgoed was. Die borde staan (5.14.2) hemelhoog langs die wasbak. Santa se ma sê dat kinders (5.14.3) (moet/moed) help met take in en om die huis. Santa se (5.14.4) (ma en pa) werk tot baie laat in die aand. Daarom verwag hulle (5.14.5) ( … ) hul kinders om te help. Kinders moet (5.14.6) (self/selfs) skoon maak waar hulle gemors het.

5.14.1 Skryf die ONDERWERP van die sin neer.

Santa moet die skottelgoed was. (1)

5.14.2 Die borde staan hemelhoog langs die wasbak.

Kies die korrekte ANTWOORD tussen hakies.
Die onderstreepte woord ‘n voorbeeld van ‘n (eufemisme / hiperbool). (1)

5.14.3 Kies die korrekte HOMOFOON van die woord tussen hakies.

Santa se ma sê dat kinders (moet/moed) help met take in en om die huis. (1)

5.14.4 Skryf EEN WOORD neer vir die woorde tussen hakies.

Santa se (ma en pa) werk tot baie laat in die aand. (1)

5.14.5 Vul die korrekte VOORSETSEL in.

Daarom verwag hulle ( … ) hul kinders om te help. (1)

5.14.6 Kies die korrekte WOORD tussen hakies.

Kinders moet (self/selfs) skoon maak waar hulle gemors het. (1)

**[20]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**
**GROOTTOTAAL: 80**